

Gereformeerde Kerk Bellville – 23 Augustus 2015 – Oggend

Sing vooraf staande: Skrifberyming 12-3:1, 2

- 1 Enigste Here, enkele Wese, / ons glo in U met ons hele hart.
Heerlik bely ons, vry-uit getuig ons: / U is vir ewig God en Heer.
- 2 U, onbegryplik, U is onsienlik, / altyd dieselfde, oneindig groot.
U is almagtig, wys en regverdig – / U is die bron van alle goed.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 84:1, 3 (p. 424)

- 1 Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskaer! Hoe begeer
my siel en hunker van verlange / om na Gods woning op te gaan
en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange.
My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.
- 3 Welsalig is die mensekind / wat al sy sterkte in U mag vind,
en op mag gaan na Sions hoogte. / Wanneer hul haas van dors verkwyn,
dan is die HEER self hul fontein / waar dorsland smag van somerdroogte.
Ook sal h reën hul daar oordek / wat hul tot nuwe lewe wek.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 119:12, 15 (p. 589)

- 12 Wend my oog van wat tog niks is, / maak my lewend in u weg;
u belofte aan al u dienaars – / maak dit waarheid aan u kneg!
Laat geen smaad my ooit oorval nie, / stort weer lewe in my gemoed
uit u woord wat reg en waar is, / en h bron van alle goed.
- 15 Wees, o HEER, nou tog gedagtig / aan die woord, die fondament
van die hoop en heilsverwagting / wat my troos in my ellend.
Of ek al vir trotse mense / dwaas is en tot spotterny –
nogtans het ek aan u woorde / stil my wandel toegewy.

Gebed

Psalm 139:1, 2 (p. 674)

- 1 Daar 's niks voor U bedek, o HEER! / U skou uit ewige dieptes neer
en sien my hart en wandel aan: / al wat ek doen, my sit en staan,
of wat in my diep weggesink het – / U weet al wat my hart bedink het.
- 2 My gaan en lê, waar ek my wend – / my weë is aan U bekend;
geen woord het nog my tong ontval / of kyk, o HEER, u weet dit al.
U sluit my in: ek is gevange, / u hand 's op my in al my gange.

Skriflesing: Psalm 139

Kernverse: Psalm 139:1, 23-24

HERE, U deurgrond en ken my.

**Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes; en
kyk of daar by my 'n weg is van smart, en lei my op die ewige weg!**
(Psalm 139:1, 23-24 AFR53)

Tema: HERE, U omsluit my van alle kant! Deurgrond my hart, o God!

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die mens wat regtig 'n intiem, persoonlike verhouding met God het, glo en bely dat die Bybel die Woord van God is. Deur die Bybel praat God met sy mense. Maar hoekom praat God met sy mense? Die Here vertel ons in die Bybel nie van allerhande interessante dingetjies nie. Hy praat nie oor koeitjies en kalfies nie. As Hy met ons praat, wil Hy in die heel eerste plek Homself aan ons bekend maak. Die mens is deur sy eie sondige natuur so oorweldig dat hy nie meer self tussen reg en verkeerd kan onderskei nie. En as hy in sy sondige toestand God sou teëkom, vlug hy eerder weg van God af.

Die Here wil nie hê dat sy mense vir Hom bang moet wees nie. Hy wil ook hê dat hulle weer die goeie en die regte dinge sal ken. Daarom buig God uit goedheid en genade neer en Hy praat met sy mense sodat hulle Hom sal leer ken soos Hy is. Maar wanneer die Here Homself aan ons bekend maak, kan dit nie maar net daarby bly nie. Die Here ons God kan nie maar net 'n kennis van ons wees nie. Ons sê mos baie maal dat ons iemand ken en dan bedoel ons daarmee dat ons van so en so weet. Ons ken so 'n mens se naam, weet waar hy bly en weet watter soort werk hy doen, maar verder weet ons nie veel nie. So 'n mens is maar net 'n kennis van jou.

Die Heilige Gees dra God se selfbekendstelling in ons in. Hy kom maak dit aan ons hart en gedagtes vas sodat ons nie daarvan kan los kom nie, want die Here wil vir jou en vir my nie los nie. Met die Woord van God veroorsaak die Heilige Gees in ons 'n verandering. Ons begin na onself kyk soos wat die Here ons raaksien en ken. Daarom kom die kinders van God ook by daardie punt om dan hulle lewens in ooreenstemming te bring met wat God vir hulle bedoel het. Hulle begin ook meer en meer aan God vashou met die krag van die Heilige Gees deur hulle toevlug tot Christus te neem.

Broers, susters en kinders, in Psalm 139 staan ons vanoggend by vier eienskappe van God stil. Hierdie vier eienskappe van God is: God is alwetend, God is alomteenwoordig, God is almagtig en God is heilig. Elkeen van hierdie eienskappe van God maak telkens die gelowige se oë oop om raak te sien en te bely: HERE, U omsluit my van alle kante.

Ons God is alwetend. Hy deurgrond die mens en ken die mens. Om iemand te deurgrond is soos 'n geregtelike ondersoek waarin diep en skerp gekyk word. Ons sê baie maal dat ons deur iemand sien of deur sy planne sien. Daarmee bedoel ons dat ons raaksien wat iemand se regte bedoeling met sy woorde en dade is. Die Here ons God deurgrond ons. Hy sien dwarsdeur ons. Daar is nie eers een mens op aarde wat vir jou en my so goed ken nie. Geen mens kan regtig 'n ander mens deurgrond nie.

Vir ander mense kan ons nog 'n masker opsit en voorgee dat ons anders is as wat onself weet ons is. Vir ander mense kan ons baie dinge wegsteek. Selfs ons eie ouers, of nog nader, selfs ons eie huweliksmaats weet nie altyd alles van ons af nie. Maar vir die Here kan ons niks wegsteek nie. Met sy skerp oë sien Hy tot in my en jou ons diepste verborge wese raak. Dit wat ons gedink het dat ons alleen van onself weet, ja, dit weet die Here ook. Alles wat ons so mooi geheim kon hou van ander mense, is reeds aan die Here bekend.

Ons hele openbare lewe is aan God bekend. Hy weet van ons sit en ons opstaan. Hy weet hoe ons reis verloop en waar ons sal oorbly. Ook ons hele private lewe is aan Hom bekend. Hy ken ons gedagtes nog voordat hulle by ons opgekom het. Hy weet van elke woord nog voordat ons tong die klanke vorm.

Vir die kind van God wek hierdie bekendstelling van God nie 'n vrees in ons harte nie. Dit bring eerder 'n bevryding vir ons. Ons hoef nie toneel te speel voor die aangesig van die Here nie. Ons hoef nie al ons energie in te span om voor te gee dat ons anders is nie. Ons kan heeltemal ontspan. Jy kan net jouself wees. Die Here sien in elk geval dwarsdeur ons. Hy ken ons. Ons hoef nie meer allerhande verskonings uit te dink vir alles wat in ons lewens gebeur nie. Die Here weet van elke verkeerde gedagte en woord wat ek en jy gehad het. Daarom hoef ons nie meer allerhande storietjies uit te dink nie. Die Here weet klaar hoekom ons dit gedink en gesê het. Ons kan daarom maar net sowel ons skuld voor die Here bely en erken dat ons verkeerd gedoen het. Dit is immers wat God van ons verlang. Hy wil nie hê dat ons met die swaar pak van sondeskuld rondloop nie. Hy wil nie hê dat ons al verder en verder van Hom af wegdryf as gevolg van ons sondes nie. Hy wil dat ons dit aan die voet van Jesus se kruis neerlê en by Hom om vergifnis en genade smeek. Hy wil ons nie los nie.

Die Here weet immers ook van die stryd wat ek en jy teen ons sondige natuur het. Hy weet hoe maklik ons swig voor die gewoonte om sonde te doen. Maar juis omdat sy Seun ook mens is, weet Hy watter groot stryd dit is. Jesus Christus het medelye met ons swakhede. Daarom kan ons aanhoudend by Hom smeek om krag en leiding van die Heilige Gees sodat ons teenstand kan bied teen die versoekings. Ja, die Here sien dwarsdeur ons. Hy neem ons in besit met die bloed van sy Seun. Van alle kante omsluit Hy ons. Daarom kan ons maar net onself wees.

Ons God is alomteenwoordig. So baie maal hoor ons van kinders wat gedurende Desember op die vol strande wegraak. Ouers soek hulle kinders en weet nie waar hulle is nie. Ons hoor ook baie maal die hartseerverhale van kinders wat wegraak en net nooit weer gekry word nie. Nou gee die Here egter hierdie versekering aan sy kinders: Hy is alomteenwoordig. Daar is nie 'n plek op hierdie hele aardbol waar God nie teenwoordig is nie. Daar is nie eers een plekkie in hierdie hele skepping waar God nie teenwoordig is nie. Hy is oral teenwoordig.

Wat 'n gerustelling is dit nie, geliefdes? Nooit kan een van God se kinders so eensaam wees dat hy selfs van God verlaat is nie. Mense kan ons in die steek laat. Mense kan ons agterlaat en alleen los. Maar die Here doen dit nie met sy kinders nie. En die waarborg dat die Here ons nooit sal laat wegraak of alleen sal los nie het Hy in sy Seun Jesus Christus gegee. In plaas daarvan om met jou en my weg te doen en ons alleen te los, het Hy sy eie Seun alleen gelos in die smarte van die hel, want Hy wil ons nie los nie. Hy wil altyd naby ons wees en Hy is. Christus gee self hierdie versekering nadat Hy uit die dood opgestaan het en sê:

En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.
(Matteus 28:20 AFR53)

Hy is by ons. Sy Heilige Gees woon en werk in jou en my lewe. Met sy Woord praat Hy aanhoudend met ons en laat ons besef dat Hy by ons is.

Selfs al sou ons so 'n dom ding doen om te dink ons kan op 'n plek gaan wegkruip waar die Here ons nie kan kry nie, sê God vir ons: Ek is daar by jou. Selfs as ons weens ons skuldgevoel weghardloop en dink ons sal nooit weer met God te doen kry nie, wys Hy ons dit kan nie gebeur nie. Hy bly op ons spoor. Hy bly by ons. Ons kan Hom nie weghou nie. Ons kan ons maar net verbeel dat Hy weg is. Maar met elke verkondiging van sy Woord, met elke gelowige wat Hy na ons toe stuur, maak Hy ons oë oop om te sien Hy is alomteenwoordig. Hy gaan nie toelaat dat sy kinders wat duur gekoop is met die bloed van

Jesus sommer net wegraak of wegkom nie. Hy sal ons altyd weer opvang en tot voor sy troon bring. Ons Here en ons God wil nie hê dat ons sonder Hom moet lewe nie.

Ons God is almagtig. Niemand kan skep en vorm soos wat ons God dit kan doen nie. As gelowiges weet ons dat elke liewe babatjie nie maar sommer net gebeur nie. Elke mens is deur God aanmeakaargeweef. Elke klein babatjie wat gebore word, kan gebore word omdat God daardie mensie aanmeakaargeweef en laat groei het sodat hy die lewenslig kan aanskou en lewe. Daar waar geen mens kan sien nie, daar het God jou en my ook diep in ons moeders se skote geskep. Elke pa en ma staan met verwondering en kyk na hulle pasgebore babatjie. Alles so perfek aan daardie klein mensie. En die gelowiges weet dit is maar net die Here se handewerk.

Daarom kan ek en jy ook in dankbaarheid voor die Here buig omdat Hy ons ook so perfek geskape het. Dankbaar ook vir die vrou in wie ons kon groei en wat ons later koesterend teen haar bors gehou en gevoed het. Maar ons verwondering en dankbaarheid gaan nog verder en dieper oor God se almag. Elkeen van ons besef dat nie een van ons 'n ongeluk is wat gebeur het nie. Ook met jou en met my is die almagtige God nog van voor ons geboorte af persoonlik besig. Hy self het ons aanmeakaargeweef en kunstig gevorm sodat geen twee mense presies dieselfde is of lyk nie. Elkeen van ons wat maar 'n spikseltjie in die hele skepping is, is vir die Here kosbaar.

Ons is so kosbaar dat Hy nog voor ons geboorte al ons lewensdae in sy boek opgeskrywe het. Doer ver in die ewigheid, ja, nog voordat die wêreld geskep is, het Hy al sy kinders uitverkies. Toe al het Hy neergeskryf gehad wanneer Hy die vreugdevolle boodskap van Christus aan hulle sal bring sodat die Heilige Gees die wedergeboorte in hulle kan bewerk en hulle kan glo.

En die Here se persoonlike en intieme betrokkenheid hou vandag nog steeds aan. Die feit dat jy en ek vanoggend sy Woord kan hoor en dit deur die werk van die Heilige Gees verstaan, is die bewys daarvan. God wil tot in ewigheid naby ons bly, want van ewigheid af het al met ons begin. Daarom sal Hy ons nooit los nie. Selfs al het Hy ook in sy boek ons sterfdatum neergeskryf, gaan Hy ons steeds nie los nie. Hy sal ons in die ewigheid by Hom opneem sodat ons vir ewig by Hom sal wees, want Hy het ons sy besittings gemaak.

Ons God is heilig. Daarom hoort daar geen goddeloosheid en bese werke in sy teenwoordigheid nie. Trouens, die Here haat self die sonde en die boosheid. Daarom het Hy ook sy voorneme al van die begin af uitgespreek om die boosheid te vernietig.

Wanneer Dawid in hierdie psalm die Here oproep om te vergeld en te vernietig, is dit nie uit eie, klein menslike wraaksug dat hy dit doen nie. Hy praat immers nie van sy vyande nie. Hy noem die goddelose mense die vyande van God. Hulle is in opstand teen God en bedink bese planne teen Hom wat, heilig, almagtig, alomteenwoordig en alwetend is. Vir die mense wat in opstand teen God leef en daarin volhard, wag die dag van oordeel waarop die Here inderdaad hulle misdade teen Hom sal vergeld. En die gelowiges? Omdat ons weet dat God heilig is, bid ons dat God se koninkryk moet kom. Daarmee vra ons onder andere dat die Here al die werke van die duiwel sal vernietig.

Maar as gelowiges weet ons dat die vyande van God nie altyd net goddelose mense is wat bese planne teen God bedink nie. Ons eie sondige geaardheid is ook vyand van God. Van nature wil ons ook nie altyd voor die heiligheid van God buig en Hom gehoorsaam nie. Daarom bid ons aanhoudend dat die Heilige Gees ons met die Woord van God sal regeer sodat ons hoe langer hoe meer kan buig onder die gesag van die Here en ook doen wat

Hy sê. Ons is veronderstel om as gelowiges dan ook die ou mens in ons af te sterf en te begrawe. Sonde en boosheid hoort nie in die teenwoordigheid van die alomteenwoordige, heilige God nie.

As ons hierdie dinge wat die Here van Homself vir ons sê weer opnuut besef, geliefdes, raak ons stil van verwondering. God wat heilig en volmaak is, ken vir jou en my. Hy sien dwarsdeur ons. Hy is en wil altyd by ons wees, daarom kan ons nooit van Hom af wegvlug nie en kan ons nooit ooit van Hom af wegraak nie. En alhoewel Hy, die enigste ware God, vir my en vir jou nie nodig het om God te wees nie, is Hy van ewigheid af persoonlik met elkeen van ons besig. Hy self het ons geskep. Deur sy Gees het Hy ons met sy Woord tot geloof gebring sodat ons verseker kan weet dat Jesus Christus ook vir ons aan die kruis gesterf het.

Dat die Here dit vir my, 'n ellendige mens, gedoen het, vul my met verwondering en dankbaarheid. Hoekom Hy juis met my besig wil wees, begryp ek nie. Sy gedagtes is vir ons te groot. Al wat ons kan doen, is om in diepe dankbaarheid Hom te aanbid en sy lof uit te jubel: Groot en almagtig is ons God!

Geliefdes, die Here leer ons vanoggend dat Hy ons van alle kante omsluit. Hy ken ons deur en deur. Hy is altyd en oral by ons, want Hy laat ons nooit alleen nie. Hy is van ewigheid af persoonlik met ons besig en sal tot in ewigheid met ons besig bly. As ons dit regtig besef en ook besef dat Hy die Heilige is, sal ons nie anders kan nie as om saam met Dawid tot die Here te roep:

Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes; en kyk of daar by my 'n weg is van smart, en lei my op die ewige weg!
(Psalm 139:1, 23-24 AFR53).

Ons sal wil sien wat God sien wanneer Hy in liefde dwarsdeur ons kyk. As ek en jy nou so voor God staan – oop! Wat laat Hy jou sien? As ons vra dat Hy vir ons die verkeerde wat nog in ons is, moet laat sien, moet ons nie skrik en probeer toemaak nie. Laat ons dit in die oë kyk, laat ons die verkeerdheid daarvan erken en dit teenoor God bely ... en laat ons dit regmaak!

Wegsteek kan ons nie. God weet klaar daarvan. Weghardloop kan ons, want God is alomteenwoordig. En buitendien, God is al van ewigheid af persoonlik met jou en my besig. Hy is heilig en verdra nie die sonde nie, daarom het Jesus ook gesterf en daarom kan ek en jy ook ons sondes voor God bely. Hy wil ons altyd naby Hom hê.

Amen!

Slotgebed

Psalm 139:7, 9, 12 (p. 675)

- 7 U oog sien in die dieptes neer, / U 't my gebeente^oaanskou, o HEER,
toe ek, van mense ongemerk, / soos kunsborduurself fyn bewerk,
gemaak is in die aarde onder – / 'n toonbeeld van u skeppingswonder.
- 9 Hoe kost'lik u gedagtes, HEER! / Ek tel – en hul word altyd meer.
Geweldig groot is hulle som, / waar nooit my reekning by kan kom:
meer as die sand van see en mere. / Ontwaak ek – ek is by U, HERE!

12 Deurgrond, o HEER, en ken die swart, / verborge dieptes van my hart;
of diep in my, waar U kan lees, / 'n skadelike weg mog wees.
En lei voortaan my wank'le skrede / tog op die weg van ewige vrede.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Katkisasieopening

Psalm 23:1 (p. 107)

- 1 Net soos 'n herder uittrek met sy skape / en hul laat neerlê in die veld van milde groen,
met sagte hand hul lei langs stille waters – / so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede / in vaste spoor van sy geregtighede.
- 3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druip olie en my beker vloei van wyn,
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;
dit kroon my lewe met u welbehag; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
23 Augustus 2015